## GEDENKPOSSEËLS VIR DIE EERSTE DRIE POSSEËLS VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK

Transvaal was sekerlik nie die eerste land wat posseëls in gebruik geneem het nie. Gevolglik is daar in die laaste jare reeds baie lande wat herdenkingseëls uitgegee het vir die honderdjarige bestaan van hul eerste posseëls. Die geleentheid bied nie 'n groot geleentheid vir variasie nie. Op die gedenkseëls verskyn altyd maar weer 'n afdruk van die eerste seël of seëls, en 'n afbeelding van die outydse vervoer per bode te voet of te perd, 'n ou poskoets, wa of trein. Die uitbeeldings is realisties of gestileer, soms selfs simbolies. Deurdat elke posadministrasie egter sy bes doen om die poskoets soveel as moontlik histories juis weer te gee, sou mens 'n interessante en leersame versameling van seëls met afbeeldings van poskoetse kan aanlê. Die resultaat sou nog insiggewende feite aan die dag kan bring.

Dit was dus 'n goeie plan om ook vir die eeufees van die eerste Transvaalse posseëls twee spesiale gedenkseëls uit te gee. Uitgifte van posseëls in die Transvaal is, soos die kaartjie in die amptelike eerstedagkoevert meedeel, reeds in 1861 oorweeg. Die saak het tot 1867 bly sloer. In daardie jaar is 'n drukpers in Duitsland gekoop, waar die eerste seëls lokaal gedruk is. Hierdie seëls het Pretoria eers in die tweede helfte van 1869 bereik, die volgende druk het in 1870 aangekom. In dieselfde jaar is die drukpers na Pretoria vervoer en vanaf dié tyd is die seëls in Transvaal gedruk.

Hierdie eerste stel van die Zuid-Afrikaansche Republiek het uit drie waardes bestaan: 1d, 6d en 1/-. Die opdrag vir die gedenkseëls, wat die tekenaars van die Staatsdrukkery ontvang het, was om twee posseëls te ontwerp waarvan een 'n reproduksie van die ou Transvaalse 1/-seël vertoon, en die ander 'n outydse poskoets, soos dit vroeër in die Republiek gebruik is. Daar is 'n aantal ontwerpe gemaak wat onderling nie in afbeelding nie, maar wel in uitvoering verskil het. Die 2½c-seël was vertikaal in lig en donker bruin kleure met die 1/-seël en in gekrulde goue syfers „100" daaronder. Die 12½c-seël was horisontaal met die poskoets in verskillende uitvoerings: deels gestileer of vol Victoriaanse krulle. Maar die begrip poskoets met perde op galop, het van die begin af vasgestaan en is nie weer verander nie. Die kleure was aanvanklik oranjegeel en swart-pers. Dit was 'n duidelike beeld, maar die algemene indruk was bietjie hard. Vir die poskoets is 'n voorbeeld uit die Africana-Museum in Johannesburg geneem.

Teen die bruin en goud van die vertikale seëls is baie besware geopper. Die twee kleure het saam teveel 'n doos sjokolade gesuggereer. Ook die syfer „100" as sulks het weinig byval gevind. Ten slotte is aanbeveel om hierdie ontwerp aansienlik ligter in kleur te maak en die „100" te vervang met 1869-1969 in goud en wit, sodat die opdringerige van die uitsluitend goue syfers sou verdwyn. Daar is ook gevoel dat hierdie ontwerp baie stadiger is as die poskoets en dat dit liewers vir die 12½c waarde gebruik moet word. Dit sou bowendien die voordeel hê dat, as die twee seëls in die regter-bohoek van 'n koevert in waarde opvolging aangebring word, hulle net mooi




*Gedenkposseëls vir die Eerste Posseëls van die Zuid-Afrikaansche Republiek*

sou inpas, terwyl by die oorspronklike plan die vertikale 2½c-seël langs die 12½c-seël sou uitsteek. Die plek van die reproduksie van die ou 1/-seël en die waarde aanduiding, het nog bietjie rondgeskuif. Maar al spoedig is tot die finale ontwerp gekom waarvolgens die seël naderhand gedruk is.

Ook die poskoets, nou vir die 2½c-seël, het nog 'n aansienlike verandering ondergaan. Die kleur is verander na bruin en groen. Die koets self het 'n lugtiger aansien gekry. Mens kan nou deur die vensters kyk, wat op die eerste ontwerp nie die geval was nie. Oortollige krulle, maar ook oorbodige stilering van die eerste ontwerpe, is verander. Die perde het vrolik begin draf en die sweep trek klappend deur die lug dwarsoor die koets, amper 'n gevaar vir die agterste passasier se hoed. Die geheel is losser en geselliger. Landsaanduiding, waarde en teks, is sodanig aangebring dat hulle duidelik leesbaar is, maar nie opdringerig vertoon nie.

Die eerstedag koevert vertoon, behalwe die amptelike aankondiging en no. 12, niks meer as net 'n afdruk van die 6d-seël en die jaartalle 1869-1969. Die lugposetiket verskyn in die nuwe ontwerp, maar die kleur is baie ligter gehou sodat dit geen afbreuk aan die posseëls kan maak nie.

Vir die eerste dag van uitgifte, is in Johannesburg 'n spesiale ronde stempel gebruik, wat 'n afbeelding van die 1d-seël vertoon. Sodoende is aldrie van die ou Transvaalse seëls afgebeeld: die 1d op die stempel, die 6d op die koevert en die 1/-seël op die 12½c-posseël.

Die kaartjie wat die eerstedag-koevert bevat, bied 'n oorsig van die geskiedenis van die eerste seëls van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Die besonder mooi afbeelding van drie velle seëls en die drukblokke in kleur, was 'n verrassing. Daar kan geen sprekender afbeelding van die seëls gevind word nie!

Ons kan verwag dat die oorskakeling na die metrieke stelsel in 1970 klein veranderings in ons posseëls en amptelike eerstedag koeverte gaan meebring. Veral wat die afmeting betref, sal 'n aanpassing moet plaasvind. Wat die uitvoering van die seëls betref, lyk dit asof daar 'n strewe bestaan na die gebruik van sagter kleure en dunner lyne. Veral die ligter kleur het die praktiese voordeel dat afstempeling baie duideliker sigbaar is.